education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# ONTWERP

# EKSAMENRIGLYNE

# GRAAD 12

# 2009

**Hierdie riglyne bestaan uit 21 bladsye.**

## INLEIDING

Die nuwe Nasionale Kurrikulum het 'n hele aantal uitdagings vir onderwysers en leerders gebring. Die eerste Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-eksamen van 2008 was 'n nuttige instrument om die manier waarop onderwysers die veranderinge t.o.v. die praktiese vereistes van die nuwe kurrikulum ontvang en daarop gereageer het, te meet. Hierdie Ontwerp-eksamenriglyn is saamgestel in rekasie op die bevindinge van die eerste Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen en behoort onderwysers te lei in hulle voorbereidings vir die 2009 eksamens en daarna

## PRAKTIESE VOORBEREIDING (LU1) EN PRODUK (LU2) GROOTTOTAAL: 100

TYD: LU 1: Praktiese proses/voorbereiding word by die skool en / of huis gedoen
LU 2: Praktiese produk moet gedoen word onder gekontroleerde omstandighede slegs by die skool gedurende 18 uur.
UITHANDIGING: Eerste Maandag in September.
INHANDIGINGSDATUM: Sal deur elke provinsie bepaal word.

Hierdie praktiese eksamen bestaan uit EEN vraestel met twee tema opsies. Leerders moet slegs EEN van die twee temas beantwoord.
Die vraestel bestaan uit TWEE dele:

Die eksamenwerkboek/-bronboek. (A3-grootte) (LU1) (50 punte)
Die finale praktiese eksamenproduk (LU2) (50 punte).

Die ontwerp moet gekies word uit EEN van die volgende kategoriee:

- Kommunikasie-/Inligtingsontwerp
- Kunsvlyt / Ontwerp (basies tweedimensionele ontwerp)
- Kunsvlyt / Ontwerp (basies driedimensionele ontwerp)
- Omgewingsontwerp en Digitale Ontwerp

### VEREISTES

### LU1 VOORBEREIDING / PROSES [50]

1. Alle proses-/voorbereidende werk vir ‘n ontwerp moet in 'n bronboek/werkboek, (A3-grootte) getoon word. Riglyne sal deur elke provinsie verskaf word.

2. Dit sal die prosesse vanaf konseptualisasie tot realisering behels.

3. Deeglike ondersoek van probleme wat deur die ontwerpopdrag opgelewer word, moet getoon word.

4. Die ontwerpproses moet in A3-formaat vasgelê word. Riglyne sal deur elke provinsie verskaf word.

5. Die werkboek/bronboek moet in die vorm van 'n album aangebied word (dit is in boekvorm).

6. Dit moet maklik oopmaak en bladsye hê wat maklik kan omblaai.

7. Die werkboek/bronboek moet van ligte materiaal gemaak wees sodat dit maklik vervoer kan word.

8. Maak seker dat die werkboek professioneel aangebied word.

**LET WEL:**

- Omdat LU1 (proses / voorbereiding) dieselfde puntetoekenning as LU2 (die finale produk) het, moet genoeg tyd daarvoor gegee word sodat die belangrikheid daarvan erken sal word.
- Die opvoeder kan by die voorafgaande voorbereidingsessie betrokke wees.
- Leerders mag hieraan by die huis werk.
- Vir verdere instruksies verwys na die *Leerprogramriglyne (LPR),* Januarie 2008.

**KRITERIA**

**Leerders moet die volgende voltooi:**
- Tonale tekening(e) wat verband hou met die finale konsep (1 x A3 OF 2 x A4)

**Volg die assesseringskriteria soos verskaf in die PAT dokument Januarie 2009 naamlik:**
- Ontwerp elemente (20)
- Ontwerp beginsels (20)
- Interpretasie / Konsep (20)
- Tegniek (20)
- Aanbieding / Professionaliteit (20)

**Verwerk hierdie persentasie tot ‘n punt van 25 vir LU 1.**

Leerders mag ook die volgende kriteria insluit:

Uitdrukking van voorneme en beredenering
Bewys van navorsing
Bewys van eksperimentering
Bewys van vrugbare idees (byvoorbeeld klein sketse)
Bewys van ontwikkelingskonsepte
Selfevaluering van die proses

**VEREISTES**
**LU 2 ONTWERP PRODUK [50]**

1. 'n Twee-dimensionele ontwerp moet NIE groter as A2 in grootte wees NIE.

2. Die grootte van 'n driedimensionele ontwerp sal afhang van die funksie van die voorwerp wat gemaak word. Hou in gedagte dat die finale produk na 'n sentrale nasiensentrum vervoer sal moet word vir uitstallingsdoeleindes.

**KRITERIA**

Leerders kan van die volgende kriteria gebruik maak as ‘n riglyn:

- Kreatiwiteit en oorspronklikheid
- Tegniek en vakmanskap
- Bewys van betrokkenheid by ontwerp – ontwerp elemente en beginsels
- Bewys van ten minste 18 uur se werk
- Professionele aanbieding, funksionaliteit

**LET WEL:**

- Die opvoeder mag glad NIE die kandidaat op ENIGE wyse tydens die finale produksie van die ontwerp help nie.
- Alle werk moet onder toesig van die onderwyser by jou skool plaasvind.
- Enige vorm van direkte kopiëring/plagiaat sal streng gepenaliseer word.
- ‘n Deklarasie van outentieke waarde / oorspronklikheid moet voltooi word deur elke kandidaat (Werk moet op 'n deurlopende basis tydens kontaktyd of tydens drie aaneenlopende dae van ses uur elk plaasvind. Die keuse van eksamenopsie moet met jou skool onderhandel word

**INSTRUKSIES AAN DIE ONDERWYSER(ES)**

**PRAKTIESE EKSAMEN LU1 (50 PUNTE) EN LU2 (50 PUNTE)**

1. Hierdie praktiese eksamen bestaan uit EEN vraestel.
Die vraestel bestaan uit TWEE dele: LU1 (die eksamenwerkboek/ -bronboek) A3-grootte en LU2 (die finale praktiese eksamenproduk).

2. Hierdie praktiese vraestel moet op die eerste Maandag van September aan die leerders gegee word.

3. Omdat LU1 dieselfde puntetoekenning as LU2 (die finale produk) het, moet genoeg tyd daaraan bestee word sodat die belangrikheid daarvan erken sal word.

4. Gevolglik kan leerders hulle LU1-voorbereiding tydens die vakansie doen. Die LU1-voorbereiding kan dan vroeg in die 4$^{de}$ kwartaal voortgaan. Die onderwyser(es) kan by hierdie voorafgaande voorbereidingsessie betrokke wees. As gevolg van die voorbereidende aard van LU1, word leerders toegelaat om werk tuis te voltooi.

5. Al die LU1-werk moet voltooi en gereed wees voor die begin van die LU2-eksamen. Leerders kan die LU1-bronboek as 'n verwysingpunt in die LU2-eksamen gebruik. Beide LU1- en LU2-eksamenwerk moet onmiddellik na die LU2-eksamen voltooi is, aan die eksamenbeampte voorgelê word. Hierdie datum sal deur elke provinsie vasgestel word.

6. Die opvoeder mag op GEEN wyse die leerder tydens die finale produksie van die ontwerp help nie (LU2).

7. Enige vorm van direkte kopiëring/plagiaat sal streng gepenaliseer word.

8. LU2 moet op 'n deurlopende basis tydens kontaktyd of tydens drie aaneenlopende dae van ses uur elk plaasvind. Die keuse van eksamenopsie moet binne jou skool onderhandel word.

9. LU2 moet by die leerder se eksamensentrum plaasvind, onder toesig van die skoolonderwyser. LU2-werk mag NIE tuis gedoen word NIE en mag NIE van die eksamenkamer weggeneem word NIE.

10. Elke provinsie sal die proses betrokke by die nasien van LU1 (bronboek A3) en LU2 (finale produk) bepaal. Skole sal deur die provinsies in kennis gestel word met betrekking tot datum, tyd en plek van die voorlegging van werk aan eksamensentrums.

11. Die eksamen-LU1 sal professioneel in 'n A3-werkboek/-bronboek in 'n album-vorm aangebied word.

12. LU1 en LU2 moet netjies en duidelik geëtiketteer word. Skrif moet duidelik en leesbaar wees.

13. Heg ADDENDUM A aan LU1- en LU2-werk.

14. **Moet NIE eksamen-LU1 en -LU2 met die PAT's 1, 3 en 5 (jaarwerk) verwar nie.**

**PAT's 1, 3 EN 5**

- Elke provinsie sal die proses betrokke by die moderering van die Eksamen-LU1 (proses/voorbereiding in die werkboek/bronboek) en Eksamen-LU2 (finale produk) en (PAT's 1, 3 en 5) bepaal. Skole sal deur die provinsies in kennis gestel word met betrekking tot datum, tyd en plek wanneer die moderering van PAT's 1, 3 en 5 (jaarwerk) en nasien/assessering van die finale eksamenwerk plaasvind.

- LU1 moet professioneel in 'n A3-grootte werkboek-/bronboek-formaat in album-vorm aangebied word.

- Kandidate wat nie PAT's 1, 3 en 5 voorlê nie, sal GEEN punte vir hierdie deel van die eksamen ontvang nie.

- Die volgende prosedure mag verander word deur elke provinsie om sodoende aan te pas by hulle eie proses van moderasie / assessering van werk aan die einde van die jaar. ‘n Voorbeeld van die samestelling van 'n werkboek / bronboek (A3):

  1. Inhoudsopgawe met leesbare bladsyverwysings.

  2. Al die LU1's (proses/voorbereiding) moet in die werkboek/bronboek (A3) in chronologiese volgorde saam met die onderskeie assesseringstate geplaas wees, byvoorbeeld assesseringstaat gevolg deur LU1 (proses/voorbereiding) van PAT 1; assesseringstaat gevolg deur LU1 (proses/voorbereiding) van PAT 3; assesseringstaat gevolg deur LU1 (proses/voorbereiding) van PAT 5.

- Elke provinsie sal hul eie metode van inhandiging en moderasie / assessering van LU 2 stipuleer. Moontlike voorbeeld: Die LU2's (finale produkte) van PAT's 1, 3 en 5 moet as deel van 'n uitstalling, saam met die onderskeie assesseringstate onder of langsaan elke PAT, vir moderering aangebied word.

- Besonderhede van hoe die werkboek/bronboek (A3) benader moet word, kan in die *Ontwerp-Leerprogramriglyne* (Januarie 2008) en die *Vakassesseringsriglyne* (Januarie 2008) (DoE-webtuiste) gevind word.

- Ontwerp-kategorieë is in die Januarie 2008-*LPG* herklassifiseer.

**VERWYS NA DIE (SAG) VAKASSESSERINGSDOKUMENT (JANUARIE 2008) VIR INSTRUKSIES OOR DIE GEWIG VAN ONTWERP PUNTE ASOOK ASSESSERINGSKRITERIA: CASS/SBA, PAT’s EN FINALE NOVEMBER-EKSAMEN.**

# ADDENDUM A

Hierdie addendum moet uitgesny, gekopieer, voltooi, geteken en op die voorblad van die A3-eksamenwerkboek en die A3-jaarwerkboek/-bronboek (wat die PAT's se LU1 bevat) geplak word.

Dui met 'n kruisie (X) aan of hierdie die eksamen-werkboek OF die jaar-werkboek/-bronboek (PAT's) is.

| | |
|---|---|
| JAAR-WERKBOEK/-BRONBOEK (PAT's se LU1) | |
| EKSAMEN-WERKBOEK | |

2009 PRAKTIESE EKSAMEN

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Vaknaam | |

VERKLARING

Hierdie werk is onder toesig van die ontwerp-opvoeder gedoen, sonder hulp van enigiemand anders.

Dit is om te sertifiseer dat al die werk voorgelê, die oorspronklike en eie werk van die kandidaat is.

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Eksamennommer | | | | | | | | | | | | | |
| Sentrumnommer | | | | | | | | | | | | | |
| Distrik | | | | | | | | | | | | | |
| Streek | | | | | | | | | | | | | |

| | Handtekening | Datum |
|---|---|---|
| Prinsipaal | | |
| Eksamenopsiener | | |

DRAFT

## ONTWERPTEORIE (LU 3)

**TYD: 3 URE**
**TOTAAL: 150 PUNTE**
**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit SEWE vrae wat beantwoord moet word.

2. Daar is keusevrae en daarom moet die instruksies by elke vraag aandagtig gelees word.


3. Dié vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

Afdeling A: Ontwerpgeletterdheid [80 punte]
VRAE 1 tot 4
Afdeling B: Ontwerp in 'n Sosiale / Omgewingskonteks [40 punte]
VRAE 5 en 6
Afdeling C: Ontwerp in 'n Besigheidskonteks [30 punte]
VRAAG 7

## QUESTION 1

### AS 1: Vorm waardeoordele wat deur 'n duidelike begrip van ontwerp ingelig word.
### AS2: Verstaan Ontwerpteorie en gebruik Ontwerpterminologie korrek

| AFDELING A: | Ontwerp geletterdheid [80 punte] Verpligtend - geen keuses | | Asesserings-standaarde | Punte |
|---|---|---|---|---|
| Vraag 1 [20] | 1.1 | 'ongesiende' Suid Afrikaanse kontemporere ontwerp | AS 1<br>AS 2 | 10 |
| | 1.2 | 'ongesiende' Internasionale kontemporere ontwerp | AS 1<br>AS 2 | 10 |




Voorbeeld

Hierdie vrae toets visuele (dit wat leerders sien) ontwerp- begrippe.

- Kan die leerders 'n ontwerp 'lees' soos gesien vanuit die wereld rondom hulle?
- Verstaan hulle die visuele taal van ontwerp?
- Kan hulle ontwerpe bespreek deur gebruik te maak van die korrekte ontwerp taal?
- Kan leerders hulle ontwerpkennis toepas op 'ongesiende' voorbeelde?

Vraag1 vervolg

<u>Basiese kennis en konsepte vir 2009 (Inhoud):</u>

Hierdie vrae is gebaseer op die toepassing van leerders se kennis van die elemente en beginsels van ontwerp.

V.B. Elemente - vorm/vlak; tekstuur; toonwaarde; kleur; lyn/kol;

Beginsels - Oorheersing / beklemtoning / fokuspunt; harmonie / eenheid; Varietiet / kontras; balans; proporsie / skaal / ruimte; ritme / beweging / patroon; komposisie / uitleg;


Universele Beginsels van Ontwerp (kies vyf)
Voorbeelde:

- sluiting
- figuur / grond verhouding
- oreenkoms
- plasing
- reel van derdes
- prototipering
- esteties-funksionele effek
- klassieke kondisionering
- hierargie
- argitipes
- storievertelling
- enige ander voorbeelde vanuit die LOOM: *Universal Principles of Design*

- Daar sal 'n balans wees tussen plaaslike en internasionale inhoud.
- Enige ontwerp kategorie / dissipline kan gebruik word. Leerders moet krities kan kyk na ENIGE ontwerpte objek in die wereld rondom hulle.
- Kyk ook na voorbeelde vanuit die Gr 12 voorbeeldvraestelle.

**Voorgestelde LOOM vir 'ongesiende' voorbeelde:**

- ❑ Ontwerp tydskrifte – beide plaaslik en internasional
- ❑ Internet
- ❑ Enige ander beskikbare bronne




Voorbeeld

# VRAAG 2

## AS2: Verstaan ontwerpteorie en gebruik ontwerpterminologie korrek

## AS 3: Bespreek, verduidelik en demonstreer die konteks en doel van die produkte, beelde, tekens en simbole wat in ontwerp gebruik word om openlike en verborge boodskappe oor te dra, wat stereotipes, partydigheid en vooroordele, uit die verlede of die hede, versterk of uitdaag.

<u>Basiese kennis en konsepte vir 2009 (Inhoud):</u>

Hierdie vraag toets die leerders se kennis van stereotipes, partydigheid en vooroordele soos wat dit gebruik word in die ontwerpkonteks. Hierdie is veral duidelik in die konsep van 'teiken markte' in die advertensie wereld / veld.

- Verstaan die leerders konsepte soos – stereotipering, partydigheid en vooroordele?
- Weet hulle hoe simbole, tekens en beelde werk?
- Kan hulle algemene simbole 'lees' in 'n ontwerp konteks?
- Kan hulle ontwerpe bespreek deur gebruik te maak van die korrekte ontwerptaal?
- Kan leerders stereotipes, partydigheid en vooroordele krities evalueer?




Voorbeeld

**Voorgestelde LOOM'e vir 'ongesiende' voorbeelde:**

- ❑ Ontwerp tydskrifte – beide plaaslik en internasionaal
- ❑ Internet
- ❑ Enige ander beskikbare bronne

## VRAAG 3

**AS 4: Ondersoek, reflekteer oor en interpreteer inligting van ‘n verskeidenheid bronne wat invloede van oor die wêreld wys wat die ontwikkeling van ontwerp gevorm het.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| VRAAG 3 [20] | 3.1 | Vergelyking – Suid Afrikaans & Internasionaal.<br>Dit sal die konneksies tussen Internasionale en Suid Afrikaanse ontwerp uitlig<br><br>Voorbeelde wat gebruik sal word sal ‘ongesiend’ wees.<br>Hierdie vraag vereis kritiese evaluering van die die verweefdheid (ooreenkomste) tussen internasionale en plaaslike ontwerp. | AS 4 | 10 |
| | 3.2 | Lokale ontwerper<br>Leerder se eie keuse van ‘n ontwerper.<br>(EEN van TWEE word vereis in die LPR) | AS 4 | 10 |


<u>Basiese kennis en konsepte vir 2009 (Inhoud):</u>

- Hierdie vraag doen ‘n kritiese ondersoek na die effek van globalisering, sosiale en omgewingsfaktore op plaaslike ontwerp.
- Hierdie vraag sal toelaat dat die leerder EEN van die TWEE plaaslike kontemporere ontwerpers bespreek wat in die LPR inhoudelike raamwerk vereis word.

N.B.
LPR inhoudelike riglyne spesifiseer dat TWEE plaaslike ontwerpers en TWEE internasionale kontemporere ontwerpers bestudeer moet word.

**Voorgestelde LOOM'e vir ‘ongesiende’ voorbeelde:**


- ❑ Ontwerp tydskrifte – beide plaaslik en internasionaal
- ❑ Internet
- ❑ Enige ander beskikbare bronne



**Voorgestelde LOOM'e:**

- ❑ Teksboeke oor DvO-katalogus van goedgekeurde titels
- ❑ Sien LOOM'e in die LPR
- ❑ Woolworths MTDTDD Bronboek

Voorbeeld



## VRAAG 4

**AS 4: Ondersoek, reflekteer oor en interpreteer inligting van 'n verskeidenheid bronne wat invloede van oor die wêreld wys wat die ontwikkeling van ontwerp gevorm het.**

**AS 5: Analiseer, interpreteer en reflekteer krities oor voorbeelde en bring hulle in verband met hul kulturele, historiese en kontemporêre kontekste.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Vraag 4 [30] | 4.1 | Ontwerpgeskiedenis – in opstel tipe formaat<br>Bv. 'n toespraak; 'n katalogus;inleiding; 'n tydskrif artikel.<br>'n Lys van moontlike style /bewegings sal verskaf word. | AS 4<br>AS 5 | 20 |
| | 4.2 | Ontwerpgeskiedenis – 'n vergelyking tussen twee style<br>Die TWEE style / bewegings wat hier beantwoord word mag nie in die bostaande vraag weer gebruik word nie. (4.1).<br>Instruksies sal verskaf word. | AS 4<br>AS 5 | 10 |

<u>Basiese kennis en konsepte vir 2009 (Inhoud):</u>

- Die vereistes vir Ontwerpgeskiedenis is uitgele in die LPR inhoudelike riglyne.

'KUNS- EN KUNSVLYT' ('ARTS AND CRAFTS')-BEWEGING (1850-1900)
'ART NOUVEAU' (1980-1905)
'BAUHAUS' (1900-1930)
'ART DECO'-BEWEGING (1925-1939)
'MODERNISTIESE' EEU (1935-1955)
'POP/NUWE' ERA (1955-1975)
'POST MODERNISME' (1965 TOT VANDAG)

- Al die afdelings/style/bewegings moet betudeer word, omdat die kombinasies in die twee vrae verskillend sal wees.
- Kyk na verskillende afdelings van Ontwerp; bv. mode-ontwerp; meubelontwerp; keramiek; argitektuur; toerusting; ens.
- Hier is 'n moontlikheid vir 'n navorsingsprojek.

Sien die LPR. Lys geneem vanaf die DoE webtuiste: www.education.gov.za Curriculum documents> Learning Programme Guidelines> appendix
Ook Thutong Educational Portal.

**Voorgestelde LOOM'e vir 'ongesiende' voorbeelde:**

- ❑ Ontwerp tydskrifte – beide plaaslik en internasionaal
- ❑ Internet
- ❑ Enige ander beskikbare bronne

**Voorgestelde LOOM:**

- ❑ Teksboeke oor DvO-katalogus van goedgekeurde titels
- ❑ Sien LOOM in LPR
- ❑ Voorgestel vanuit die LPR– *Design Source Book*

## AFDELING B:
## Ontwerp in 'n Sosiale / Omgewingskonteks [40 punte]

## VRAAG 5

### AS 7: Demonstreer 'n begrip van die maniere waarop ontwerp gebruik kan word om sosiale, kulturele, omgewings- en etiese kwessies te beklemtoon of te bevraagteken

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Vraag 5 [20]<br>Geen keuse | 5.1 | Sosiale kwessies (Internasionaal) | AS 7 | 10 |
| | 5.2 | Sosiale kwessies (Plaaslik) | AS 7 | 10 |

5.1 Sosiale kwessies (Internasionaal)

<u>Basiese kennis en konsepte vir 2009 (Inhoud):</u>

- Basiese herroep of benoeming en kortlikse beskrywing van ontwerp, gevolg deur 'n analise van ontwerp met verwysing na die formele elemente en beginsels van ontwerp wat van toepassing is op die sosiale, kulturele en omgewings- kwessies en bekommernisse.
- Gepaardgaande met die formele analise, moet leerders ook verwys na die sosiale relevansie van 'n ontwerp en die uitdagings vir kontemporere ontwerpers om hulle rol te verstaan wanneer ontwerpe geskep word wat grootliks die gemeenskap, kultuur en omgewing bevoordeel.

**Voorgestelde LOOM'e vir 'ongesiende' voorbeelde:**

- ❑ Ontwerp tydskrifte – beide plaaslik en internasionaal
- ❑ Internet
- ❑ Enige ander beskikbare bronne

**Voorgestelde LOOM'e:**

- ❑ Teksboeke oor DvO-katalogus van goedgekeurde titels
- ❑ Sien LOOM'e in LPR
- ❑ Voorgestel vanuit die LPR– *Design Source Book*
- ❑ Woolworths MTDTDD bronboek
- ❑ Voorgestelde LOOM'e – *Design Culture Now or Inspiring-a- Sourcebook-designers*




Voorbeeld

5.2 Sosiale kwessie (Plaaslik)

<u>Basiese kennis en konsepte vir 2009 (Inhoud):</u>

- Basiese ontwerpgeletterdheidsvaardighede (visueel) wanneer 'n ongesiende ontwerp geanaliseer word.
- Leerders moet kan demonstreer en die maniere verstaan waarin ontwerp gebruik kan word om sosiale, kulturele, omgewings en etiese kwessies te bemagtig (reinforce)
- Kritiese evaluasie van 'n PLAASLIKE ontwerper wat sosiale en / of etiese kwessies inagneem wanneer hy / sy / hulle ontwerp.
- Basiese herroep van name en beskrywing van ontwerp, gevolg deur 'n formele analise van ontwerp met verwysing na die sosiale en etiese kwessies.

**Voorgestelde LOOM'e vir 'ongesiende' voorbeelde:**

- ❑ Ontwerp tydskrifte – beide plaaslik en internasionaal
- ❑ Internet
- ❑ Enige ander beskikbare bronne

**Voorgestelde LOOM'e:**

- ❑ Teksboeke oor DvO-katalogus van goedgekeurde titels
- ❑ Sien LOOM in LPR
- ❑ Craft art
- ❑ Woolworths MTDTDD Bronboek

## VRAAG 6

### AS 8: Demonstreer 'n begrip van die ontwerper se verantwoordelikheid in verband met omgewingskwessies en volhoubare ontwerp.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Vraag 6 [20]<br>Kies 2 of 3 | 6.1 | Omgewing (Plaaslik) | AS 8 | 10 |
| | 6.2 | Omgewing (Plaaslik & Internasionaal) | AS 8 | 10 |
| | 6.3 | Omgewing (Internasionaal) | AS 8 | 10 |

6.1 Omgewing (Plaaslik)

<u>Basiese kennis en konsepte vir 2009 (Inhoud):</u>

- Basiese herroep: Verskaf name van ontwerpers asook beskrywings.
- Basiese ontwerp (visueel) geletterdheidsvaardighede, wanneer 'n ontwerp geanaliseer word met verwysing na omgewingskwessies.
- Kennis van omgewingsbekommernisse.

**Voorgestelde LOOM'e vir 'ongesiende' voorbeelde:**

- ❑ Ontwerp tydskrifte – beide plaaslik en internasionaal
- ❑ Internet
- ❑ Enige ander beskikbare bronne

**Voorgestelde LOOM'e:**

- ❑ Teksboeke oor DvO-katalogus van goedgekeurde titels
- ❑ Sien LOOM in LPR
- ❑ Craft art
- ❑ Woolworths MTDTDD Bronboek

6.2 Omgewing ( Plaaslik & Internasionaal)

<u>Basiese kennis en konsepte vir 2009 (Inhoud):</u>

- Toepassing, begripstoepassing tipe vrae gebaseer op ‘ongesiende’ ontwerpe.
- Visuele begrip van gegewe ‘ongesiende’ beelde, asook toepassing van kennis.
- Kritiese evaluasie van ‘n Internasionale ontwerper wat die omgewing inaggeneem het met die skep van ‘n ontwerp.
- Basiese herroep van name en beskrywing van ontwerp, gevolg deur ‘n formele analise van ontwerp met verwysing na die omgewing.

**Voorgestelde LOOM'e vir ‘ongesiende’ voorbeelde:**

- ❑ Ontwerp tydskrifte – beide plaaslik en internasionaal
- ❑ Internet
- ❑ Enige ander beskikbare bronne

Kopiereg voorbehou 

**Voorgestelde LOOM'e:**

- ❑ Teksboeke oor DvO-katalogus van goedgekeurde titels
- ❑ Sien LOOM in LPR
- ❑ Craft art
- ❑ Woolworths MTDTDD Bronboek
- ❑ Voorgestelde LOOM – *Design Culture Now or Inspiring -a- Sourcebook-designers*

6.3 Environmental (International)

<u>Basiese kennis en konsepte vir 2009 (Inhoud):</u>

- Toepassing van vaardighede en begrips tipe vrae gebaseer op 'ongesiende' voorbeelde
- Toepassing van kennis van omgewingskwessies.
- Kritiese evaluasie van 'n Internasionale ontwerper wat met die skep van ontwerp die omgewing inagneem.
- Basiese herroep van name en beskrywing van ontwerp, gevolg deur 'n formele analise van ontwerp met verwysing na die omgewing.

**Voorgestelde LOOM'e vir 'ongesiende' voorbeelde:**

- ❑ Ontwerp tydskrifte – beide plaaslik en internasionaal
- ❑ Internet
- ❑ Enige ander beskikbare bronne

**Voorgestelde LOOM'e:**

- ❑ Teksboeke oor DvO-katalogus van goedgekeurde titels
- ❑ Sien LOOM in LPR
- ❑ Voorgestelde LOOM – *Design Culture Now or Inspiring- a- Sourcebook-designers*

## AFDELING C: Ontwerp in 'n Besigheidskonteks [30 marks]

## VRAAG 7

**AS 9: Demonstreer 'n basiese begrip van die bemarking van ontwerpprodukte ten opsigte van teikenmark, verpakking en advertensie.**

**AS 10: Demonstreer 'n begrip van verantwoordelike ontwerp deur menseregte en omgewingskwessies deur die hele proses in aanmerking te neem**

**AS 11: Verken loopbaangeleenthede binne die ontwerpdissipline**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Vraag 7 [30]<br>Kies 1 of 2 | 7.1 | Gestruktureerde opstel | AS 9, 10 & 11 | 30 |
| | 7.2 | Korter vrae | AS 9, 10 & 11 | 30 |

<u>Basiese kennis en konsepte vir 2009 (Inhoud):</u>

Die leerder mag die opstel-tipe vraag beantwoord (7.1) OF
die vraag met kort onder-afdelings (7.2).

- Vraag 7.1 mag verband hou met die leerder se eie kategorie / discipline EN / OF dit kan gebaseer wees op die studie van 'n reeds bestaande ontwerpbesigheid.

- Vraag 7.2 mag verband hou met die bedryf van 'n ontwerp besigheid in ooreenstemming met die leerder se eie kategorie / discipline, bv. die effektiewe bemarking van die besigheid, bepaling van 'n teikengroep of toekomstige kliente asook die bepaling van 'n besigheidsplan. Hierdie vraag kan ook loopbaan-geleenthede aanraak binne die ontwerpveld.

- Praktiese toepassing van besigheidskonsepte.

**Voorgestelde LOOM'e vir 'ongesiende' voorbeelde:**

- ❑ Ontwerp tydskrifte – beide plaaslik en internasionaal
- ❑ Internet
- ❑ Boeke bv. Ardmore; Mapula
- ❑ Enige ander beskikbare bronne

- ❑ **Voorgestelde LOOM'e:**
- ❑ Teksboeke oor DvO-katalogus van goedgekeurde titels
- ❑ Woolworths MTDTDD Resource
- ❑ Future Entrepreneurs – Graad 12 Ontwerp handboek / CD
- ❑ Sien LOOM in LPR
- ❑ Voorgestelde LOOM – *Design Culture Now or Inspiring-a-Sourcebook-designers*
- ❑ Bespreek met die EBW of Besigheidsbestuur / Ekonomie onderwyser
- ❑ Loopbaan brosjures vanaf UP, UKZN, DUT, CPUT, AAA School of Advertising en Vega OF enige ander ontwerp institute. (Bespreek met die Lewensorientering onderwyser of direkte.) Reel onderhoude met ontwerpers.

**Opsomming** van wat leerders moet voorberei vir Vraestel 1: 2009.
(Volg die LPG Januarie 2008)

**Ongesiende Toepassing van kennis**
Verweef deur die vraestel.
Ontwerpterminologie
Ontwerp elemente en beginsels
Universele beginsels van Ontwerp (kies enige vyf)

**Ontwerp in Sosiale / Omgewingskonteks**
Kies slegs EEN sosiale kwessie wat verband hou met ontwerp.

**Plaaslike Ontwerp**
1X Kontemporere Suid Afrikaanse agentskap / studio / ontwerper / direkteur.
1X Ontwerper wat Sosiale kwessies / aangeleenthede in ontwerp inagneem.
1X Ontwerper wat Omgewings kwessies / aangeleenthede in ontwerp inagneem.

**Internasionale Ontwerp**
1X Ontwerper wat Sosiale kwessies / aangeleenthede in ontwerp inagneem.
1X Ontwerper wat Omgewingskwessies / aangeleenthede in ontwerp inagneem.
7X Ontwerp Geskiedenis Style / Bewegings. Moontlike voorbeelde:

- Beantwoord TWEE bewegings / style (ten minste 2 ontwerpe elk).
- Vergelykende vraag gebaseer op twee bewegings / style wat nie in die opstel gedek is nie.

**Ontwerp in ‘n besigheidskonteks**
Opstel of kort vrae wat moontlik op beeldmateriaal ( foto’s) gebaseer kan word.

Kopiereg voorbehou 

**DIE ONDERWYSER(ES) BEHOORT DIE VOLGENDE BRONMATERIAAL IN DIE KLASKAMER TE HÊ SOOS VERSKAF IN DIE LPR:**

*LOOM: (afhangende van verkrygbaarheid)*

- *NSS goedgekeurde teksboek vir ontwerp*
- *The New Design Source book (Penny Sparke et. el.)*
- *Craft Art in South Africa (Elbe Coetsee)*
- *Design Culture Now (Steven Skov Holt)*
- *South African Visual Culture (Jeanne van Eeden)*
- *Design Basics (David A Lauer)*
- *Ogilvy on advertising (David Ogilvy)*
- *Woolworths Bronboek*
- *Enige Ontwerptydskrif: Financial Mail; ADFOCUS*
- *Artikels en fotos vanaf Internet webblaaie*
- *Inspiring- a- sourcebook – designers* (Paul Rodgers )

Kopiereg voorbehou